# DIE STRATEGIESE OORWEGING VAN REALISME, DIE MIMESE-EFFEK EN HABITUS BY DIE BESINNING OOR HERINNERINGE EN HERDENKINGS

**Johann WN Tempelhoff**[1]

***Summary***

*Commemoration is presently the order of the day in many facets of the South African society. With a view of gaining meaningful insight into the phenomenon, this study probes the concept of remembrance as a human way of thinking in order to determine to what extent attention can meaningfully be given to commemorations from the perspective of history as a discipline. The focus is especially directed towards a few theoretical underlying principles concerning realism, the memesis effect and Bordieu's habitus concept. Thought is thereafter given to the relevance of these strategic techniques so as to arrive at a more significant and better understanding of commemorative occasions.*

---

## 1. INLEIDING

In die jaar 2004 word op alle terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing tyd ingeruim om die verlede te herdenk. Binne die geordende staatsbestel word besondere aandag aan die eerste tien jaar van veelrassige demokrasie en die verwesentliking van vryheid gegee,[2] terwyl daar aan verskeie tersiêre instellings van gevorderde onderrig, hulde gebring word aan intellektuele tradisies wat die afgelope eeu 'n besondere intellektuele bydrae tot die samelewing gelewer het.[3] Internasionaal is daar ook 'n ryke oorvloed van herinneringe wat op die voorgrond geplaas word om geestelike ruimtes van herinnering aan die vergetelheid te ontruk. Die sestigste herdenking van die Geallieerde inval van Wes-Europa tydens

1 Skool vir Basiese Wetenskappe, Fakulteit Vaaldriehoek, Noordwes-Universiteit.
2 Anon, "Celebrating ten years of freedom" by http://www.10years.gov.za/celebrate/docs/framework.htm
3 Kyk Anon, "Where it all began" op de webwerf van die UV by http://www.uovs.ac.za/about/E_history.php; Kyk Anon, "One hundred years of excellence" op die webwerf van Rhodes Universiteit by http://www.gorhodes.co.za/

Wêreldoorlog II, staan in die besonder uit.[4] Daar is tans dus goeie rede om die menslike versugting na die ontsluiting van reële herdenkingsmomente van naderby in oorweging te neem.

In die geskiedenis as dissipline word gepoog om op 'n realistiese wyse die verlede in herinnering te bring. In een opsig sou dit moontlik wees om daarna te verwys as die voortsetting van die tradisie van historiese bewussyn wat eie is aan die menslike natuur. Dit kan ook met herinnering (*memory*) vereenselwig word - 'n meer regstreekse en ongekompliseerde begrip wat tog veelkantig genoeg is om bepaalde dimensies van genuanseerde verstaan te laat uitkristalliseer.

Ten einde aan betekenisvolle herinneringe 'n besondere inhoud te verleen, word bepaalde momente en mense by wyse van simboliese gebare herdenk. Daardeur word gepoog om 'n bepaalde realiteit omtrent die verlede weer voor die geestesoog te bring deur betekenis aan die voortsetting van bepaalde samelewingspatrone en waardes te gee. Wanneer menslike handeling rondom die ontginning van politieke, sosiale en ekonomiese invloed (mag) in die agtergrond gestel word, is daar sprake van herdenking as 'n versugting om 'n verteenwoordigende indruk van die wetenswaardige herinneringe aan die verlede op die voorgrond te plaas. Dit is duidelik dat herinnering, herdenking en die indrukke wat met voorstellings van die verlede in die hede verband hou, in ruimer kontekste gesien kan word.

## 2. KARTERING VAN DIE BESPREKING

In die bespreking wat volg, sal op herinnering en herdenking, vanuit die perspektief van die akademiese dissipline van geskiedenis, ingegaan word. Daar sal ook aandag gegee word aan die konsep van ruimtelikheid wat nou ineen met herinnering en herdenking verweef is. Ten einde dié komplekse stel interaksies na behore te verstaan, is dit egter nodig om op realisme te konsentreer en terselfdertyd sekere voorstelle te maak op welke wyse herinnering en herdenking in 'n genuanseerde en relevante manier die dissipline ingedra kan word. In die besonder sal van die mimese-effek en die habitus-konsep gebruik gemaak kan word om 'n beter kultuurhistoriese begrip oor te dra.

4 Kyk "The National D-Day Memorial Foundation" by http://www.dday.org/; asook Brittanica.com se Normandy 1944 by http://search.eb.com/normandy/; N Gibbs, "The greatest day: why it matters 60 years later" in **Time**, 163(22), 31 Mei 2004 by http://www.time.com/time/covers/1101040531/story.html

Daar sal vervolgens gelet word op a) die versugting na realisme; b) die gepaard-gaande mimetiese voorstelling van die verlede; c) Bourdieu se habitus-konsep as moontlike rigtinggewende strategie; d) herinnering en ruimtes van herinnering; en laastens e) herdenking as dimensie van herinnering.

## 3. REALISME

Die waarneming van dit wat ons as reëel of werklik in die alledaagse lewe beskou, hou verband met die wyse waarop die mens kultureel gekondisioneer is om die natuur en die menslike omvormings daarvan te ervaar. Dit gaan gepaard met verindividualiseerde perspektiewe wat in gemeenskaps- en of samelewingsverband in ooreenstemming gebring word met wat Geuss eenvoudig as *Kultur, Bildung en Geist* uitsonder.[5] Die konsep van realisme wat dit dan voordoen, is meermale die respons van die menslike rede op bepaalde omgewingsprikkels. Dit handel oor feitelik gekonstrueerde sekerhede wat in gemeenskapsverband omtrent die lewe, dood en die wêreld om ons gekoester word. Daar is egter ook 'n ander dimensie van realisme. Searle verduidelik:

> "(T)here is a real (external) world that is totally independent of human beings and of what they think or say about it, and statements about objects and states of affairs in that world are true or false depending on whether things in the world really are the way we say they are."[6]

In hierdie konteks dui realisme daarop dat menslike intervensie 'n essensiële voorbehoud is vir die waarneming van dit wat as reëel voorgestel word. Nog te meer is dit die geval wanneer daar in die besonder van die verlede kennis geneem word. Historiese realisme, verduidelik Ankersmit:

> "is only encountered in our attempts to define our relationship to our past, in our attempt to 'write ourselves' by writing history. Here history functions as the mirror of the radically alien in which we can begin to (recognise) our own cultural identity."[7]

---

5 R Geuss, **Morality, culture and history: essays on German philosophy** (Cambridge University Press, Cambridge, 1999), pp. 29-50.

6 J Searle, **Mind, language and society: Philosophy in the real world** (Weidenfeld en Nicolson, Londen, 1999), p. 13.

7 FR Ankersmit, "Hayden White's appeal to the historians", **History and theory** 37(2), Mei 1998, p. 193.

Kortliks: realisme is 'n bewustheid met 'n bepaalde ideologiese inslag wat opsigself die resultaat is van realiteite wat buite die sfeer van omvattende individuele menslike begrip gesetel is. Wanneer daar dus by historici, in hierdie konteks, die behoefte ontstaan om die verlede voor te stel, soos Ranke dit uitgespel het, te wete "wie es eigentlich gewesen (ist)", word dit duidelik dat realiteit eintlik 'n versugting is wat nie net utopies is nie, maar in baie opsigte 'n futiele oefening verteenwoordig as historici dit binne die spreekwoordelike wetenskaplike kanne en kruike wil plaas. Tog is die taak van die historikus daarin opgesluit om met 'n oortuiging wat berus op 'n kennis van die geskiedenis, die verlede so voor te stel dat dit aanvaarbaar vir die samelewing is. Sedert die ongekende oplewing in kultuurgeskiedenis in die negentigerjare van die vorige eeu, is heelwat meer aandag as voorheen gegee aan die neerlegging van teoretiese grondslae wat 'n hoë premie op die werklikheidsvoorstelling van die hedendaagse samelewing in al sy geledinge plaas.[8]

Bepaalde dissiplinêre strategieë kan gebruik word om op 'n realistiese wyse die verlede in herinnering te bring. Enkeles kan hier kortliks uitgesonder word. Collingwood se herdramatisering van die geskiedenis (*re-enactment*),[9] is een manier. Onlangs het D'Oro dié besondere benadering uitgelig deur te let op 'n vergelyking tussen Collingwood se interpretatiewe denke[10] en Davidson se radikale benadering tot interpretasie waarin die liefdadigheidbeginsel[11] in vertaling en die kontekstualisering van woorde en hul betekenisse teenoor mekaar gestel word. In 'n groot mate slaag D'Oro daarin om die relevansie van Collingwood se gefundeerde vertolkingstrategie tot die ontsluiting van die verlede uit te lig. Terselfdertyd word gemaan teen 'n oormatige gerustheid omtrent die welslae wat met dié strategie behaal kan word. Daar bestaan ook moontlikhede om by wyse van hervoorstelling (*representation*) die verlede voor die geestesoog te bring.[12] Dit kan wees by wyse van 'n fiktiewe[13] of 'n feitelike weergawe wat by wyse van 'n brongebaseerde verkenning, maar ook terselfdertyd deur middel van fiktiewe of verdramatiseerde karakters, mededelings omtrent die verlede maak.[14] Die werk van Simon Schama was van die eerstes in hierdie tradisie.[15] In meer onlangse jare het die werk van

8 L Schorn-Schütte, "Ideen-, Geistes- Kulturgerschichte" in H-J Goertz (red.), **Geschichte: ein Grundkurs** (Tweede druk, Rohwolt, Reinbek, [1998], 2002), pp. 510-1.

9 RG Collingwood, **The idea of history: revised edition with lectures 1926-1928** (Edited by J van der Dussen, Oxford University Press, Oxford, 1994), pp. 282-302.

10 G d'Oro, "Re-enactment and radical interpretation" **History and Theory** 43(2), Mei 2004, p. 206.

11 **Ibid**., p. 201.

12 M Stanford, **A companion to the study of history** (Blackwell, Oxford [1994] 1995), pp. 82, 119.

13 C Strout, "Border crossings: history, function and dead certainties" in **History and Theory**, 31(2), Mei 1992, pp. 154, 156.

14 **Ibid**., p. 158.

15 **Ibid**., pp. 153-62. Kyk S Schama, **Dodelijke zekerheden (ongegronde speculaties)**, (Vertaal deur AJ van Braam. Uitgeverij Contact, Amsterdam 1991).

Dalene Matthee[16] en Dan Sleigh[17] in Suid-Afrika merkwaardige deurbrake gemaak. Hulle het daarin geslaag om die verdelingslyn tussen geskiedenis en fiksie/letterkunde vaag te maak. Een gevolg van hierdie ontwikkeling is dat die intervensie van postmodernistiese relatiwiteit, wat tot onlangs baie hoog aangeslaan is, toenemend op die agtergrond geskuif word.

'n Derde strategie wat deur historici gebruik word om die realiteite van herinnering op die voorgrond te plaas, is om die geskiedenis te rekonstrueer.[18] In dié konteks word aanvaar dat die tradisie van dekonstruksieteorie wat in die laaste kwart van die twintigste eeu aan die orde was,[19] opnuut die vraag laat ontstaan het oor die wyse waarop die verlede met 'n groter mate van geloofwaardigheid in die openbare sfeer van die samelewing aangebied kan word. Omstrede en opspraakwekkende aannames het uit dié betrokke debat ontstaan. Dit het verrykend op die dissipline van geskiedenis ingewerk deurdat historici opnuut daartoe verplig is om die grondslae van hul dissipline te bevraagteken en te definieer.

Feit bly staan dat alles wentel om die oortuigende aanbieding van herinneringe (wat hul ontstaan het by elementêre denke omtrent die geskiedenis) of die voorstelling van die verlede wat op so 'n manier gedoen word dat bewustelik en onbewustelik aan die alledaagse bestaan van mense sin gegee word. In 'n wêreld wat toenemend aan globaliseringsprosesse - veral op die intellektuele vlak - uitgelewer is, word benewens die soeke na sekere eienskappe van universele manifestasies van menslike herinnering, ook aan unieke gebeure, omstandighede en historiese figure op 'n verindividualiserende wyse erkenning gegee. Die komplekse aard van herinnering aan die verlede laat die vraag dan ontstaan of die geskiedenis nie bloot 'n mimetiese proses is waarmee daar voortdurend omgegaan word nie.

16 D Matthee, **Pieternella van die Kaap: historiese roman oor Pieternella en Eva-Krotoa** (Tafelberg, Kaapstad [2000], 2001).

17 D Sleigh, **Eilande** (Tafelberg, Kaapstad, 2002). Die werk is ook in Engels vertaal en in 2004 vrygestel. Kyk ook L Scott, "Halfway to paradise" by http://www.africanreviewofbooks.com/; C Hope, "Harry's dementors" by **Guardian Unlimited**, 22 Mei 2004, http://books.guardian.co.uk/review/story/0,12084,1221344,00.html; M Scholtz, "Langs eilande, ónder water, lê toorkrag" in **Die Burger**, 31 Mei 2004 by http://152.111.1.251/argief/berigte/dieburger/2004/05/31/DB/9LDN/01.html.

18 ED Genovese, "A new departure" in E Fox-Genovese en E Lasch-Quinn (reds.), **Reconstructing history: the emergence of a new historical society** (Routledge, New York, 1999), pp. 6-8; Vir sommige postmodernistiese indrukke omtrent rekonstruksie, kyk A Munslow, **Deconstructing in history** (Routledge, Londen, 1997), pp. 99-112.

19 Christopher Norris is steeds klaarblyklik daarvan oortuig dat die dekonstruksieteorie 'n projek is wat voortduur. Kyk byvoorbeeld C Norris en M Papastephanou, "Deconstruction, anti-realism and philosophy of science - an interview with Christopher Norris", **Journal of Philosophy of Education** 36(2), Mei 2002, pp. 265-89. Kyk ook in dié verband die reeds aangehaalde werk van Munslow. Vir 'n meer pessimistiese uitsig, kyk M Poovey, "For what it's worth…" in **Critical Inquiry** 30(2), Winter 2004, pp. 429-33.

## 4. DIE MIMESE-EFFEK

Die moderne teorie van mimese is oorspronklik geformuleer met die doel om in die letterkunde kunstige "nabootsings" van realisme daar te stel. Die filoloog Eric Auerbach (1895-1957) het in sy studie *Mimesis: the representation of reality in Western literature*,[20] die grondslag vir die bestudering van hierdie verskynsel gelê. Dit is later deur Georg Lukacs, Walter Benjamin,[21] Theodor Adorno,[22] en meer onlangs deur Gebauer en Wulf,[23] asook Hayden White[24] die sfeer van historiese ondersoek ingedra.

Etimologies het mimese ontstaan uit die Griekse woord *mimos*, wat ook in *mimeisthai*, *mimema* en *mimetikos* neerslag gevind het. Volgens Gebauer en Wulf het *mimos* betrekking op die dramatiese voorstelling van aksie in die vorm van mimiek, wat deur *mimons en mimetes* uitgevoer word. *Mimema* is die resultaat van mimetiese aksie. *Mimesis* is dan opsigself die aksie van voorstelling. *Meimeisthai* het betrekking op nabootsing, hervoorstelling of vertolking.[25] Dit is laasgenoemde faset van mimese wat van belang vir historiese ondersoek is. Daar kan binne hierdie konteks aanvaar word dat die proses van historiese ondersoek in werklikheid 'n vorm van mimiek verteenwoordig. Die doelwit is steeds om die verlede in herinnering te bring, met dié verstandhouding dat dit 'n poging is om indrukke rondom verledensrealiteit tuis te bring, ondanks die besef dat ons met voorstellings - wat dikwels as mimiek oorkom - besig is.

In 'n realisme wat as toonbeeld van die werklikheid voorgehou kan word, is geloofwaardigheid gesetel. Wanneer herinneringe aan die verlede dus op 'n oortuigende manier oorgedra word, is dit noodsaaklik om bo alle twyfel die voorkoms van 'n aanvaarbare werklikheid te vestig. In die kuns is dit dikwels moontlik om deur middel van 'n estetiese prikkel die nodige oortuiging te doen wat 'n visuele aanvaarding vir herinneringe aan die verlede moontlik maak.

20 Princeton University Press, New Haven, 1953.

21 W Benjamin, **One-way street and other writings**, (Vertaal deur E Jephcott en K Shorter. Verso, Londen en New York, [1979], 1999), pp. 160-3.

22 DM Rasmussen, "Critical theory and philosophy" in DM Rasmussen (red.), **Handbook of critical theory**, (Blackwell, Oxford, 1996), p. 30.

23 G Gebauer en C Wulf, **Mimesis: culture, art, society**, (Vertaal uit die Duits deur D Reneau, University of California Press, Berkeley, 1995).

24 H White, **Figural realism: Studies in the mimesis effect** (The Johns Hopkins University Press, Baltimore, 1999).

25 Gebauer en Wulf, p. 27.

By nadere ondersoek blyk dit dat visuele voorstelling dikwels nie ter plaatse gedoen is nie, maar eerder gebruik gemaak is van mondelinge en/of visuele beskrywings wat aan die kunstenaar deurgegee is.[26] Daaruit word 'n konstruksie gemaak - in werklikheid 'n mimetiese voorstelling wat uit die verlede dateer - om in die toekoms 'n nog-onbekende herinnering aan 'n meer-onbekende werklikheid te verbind. Die mimese-effek is egter geneig om baie na aan die rand van die postmodernistiese teorie te beweeg. Omdat hierdie benadering tans toenemend onder druk van historici kom as gevolg van uitermatige relativering, is dit noodsaaklik om realisme ook vanuit 'n ander perspektief te beskou.

## 5. BOURDIEU SE HABITUS-KONSEP

Sedert die laat-vyftigerjare is die Franse kultuursosioloog, Pierre Bourdieu, met omvattende teoretiese navorsing op die terrein van kultuursosiologie besig. Sy teoretiese grondslae is veral deur Duitstalige kultuurhistorici in die negentigerjare indringend ondersoek en deur empiriese navorsing in kultuurstudies toegepas.[27] Die belangrikheid van Bourdieu se werk is daarin gesetel dat hy 'n brug vorm vir die filosofiese grondslae van kultuurgeskiedenis wat die werk van Karl Marx en Max Weber oorspan.[28] Hy het byvoorbeeld daarin geslaag om te bewys dat klasvorming gesetel is in die verskillende (kulturele) verbruikerspatrone wat in 'n samelewing aanwesig is. Deur 'n aksent op die verskynsel van *distinction* te plaas was dit vir hom moontlik om aan te dui dat in materiële goedere daar geestelike waardes opgesluit is wat in die kultuur neerslag vind.[29] Die onderskeid tussen Bourdieu en die toonaangewende postmodernistiese denke is dat hy net soos met Habermas en Giddens die geval is, deel uitmaak van 'n uitgelese groep sosioloë wat by wyse van strukture en sisteme daarna streef om interpretatiewe skemas daar te stel waarop in die menswetenskappe voortgebou kan word.[30]

In sy ondersoek na kulturele en simboliese praktyke verklaar Bourdieu dat sosiale ruimte op tweeledige wyse manifesteer: in die "dinge" en die "kop" van menslike akteurs in die samelewing. Dit kom die duidelikste na vore in objektiewe gegewe

26 Vir 'n sprekende voorbeeld van die wyse waarop Suid-Afrika in die sewentiende en agtiende eeu deur oorsese kunstenaars voorgestel is, kyk o.m. A Gordon-Brown, **Pictorial art in South Africa during three centuries to 1875** (Chas. J. Sawyer, Ltd., Londen, 1952), pp. 12-5.

27 G Gebauer, "Habitus, intentionality and social rules: a controversy between Searle and Bourdieu" in **Substance: A review of theory and literary criticism**, 29(3), September 2000, pp. 68, 75-6.

28 HK Anheier, J Gerhards and FP Romo, "Forms of capital and social structure in cultural fields: examining Bourdieu's social topography", **The American Journal of Sociology** 100(4), Januarie 1995, p. 860.

29 A Vickery, "Women and the world of goods: a Lancashire consumer and her possessions, 1751-81" in J Brewer en R Porter (reds), **Consumption and the world of goods** (Routledge, Londen, 1993), p. 278.

30 C Lorenz, **De constructie van het verleden: een inleiding in de theorie van de geschiedenis** (Sesde gewysigde druk, Boom, Amsterdam, 2002), p. 206.

omstandighede en die simboliese representasies wat in die alledaagse lewe waarneembaar is.[31]

Bourdieu konstrueer sy model van sosiale ruimte op drie gelyke vlakke wat analities in die voorstellings van die werklikheid/realiteit ineenskakel. Hy differensieer tussen objektief-materiële gelykes wat gekarakteriseer word deur besit en eiendom en in verskeie vorme van kapitaal (ekonomies, sosiaal en kultureel) neerslag vind. Gelyk daarmee is die simboliese praktyke (die lewenstyl en 'n kulturele verbruikspatroon) wat deur die habitus-verskynsel ineengeskakel word.[32] Habitus verteenwoordig dan al die tipiese grondslae, waarnemings en handelinge wat in 'n kultuur op enige gegewe tydstip manifesteer.[33]

Empiriese ondersoek wat deur navorsers in die Germanistiek onderneem is, dui daarop dat betekenisvolle navorsingsresultate uit die teorie van Bourdieu verkry kan word. Benewens die identifisering van 'n topografiese patroon wat in 'n geografiese afbakening van 'n terrein van ondersoek onderneem word, is dit moontlik om bepaalde kulturele tendense te identifiseer wat in 'n verindividualiseerde geestelike ruimtelike manifesteer.[34]

Wanneer die konsep van habitus met herinnering en ruimtes van herinnering in verbinding gebring word, is dit moontlik om bepaalde teoretiese grondslae te kry waarmee die historikus antwoorde kan kry op oënskynlik verwarrende vrae wat veral in die intellektuele geskiedenis ontstaan.

Habitus is egter steeds net 'n mantra met baie beperkings wat gebruik kan word om tot die herstel van herinnering as relevante en realistiese voorstelling van die verlede aanleiding te gee. Die feit dat 'n sterk historiese dimensie in die konsep ingebou kan word, maak dit moontlik vir historici om deur middel van analitiese strategieë hulself dieper die kultuurhistoriese verlede in te begeef.

Herinnering kan egter nie sonder ruimte ontsluit word nie.

31 I Gilcher-Holtey, "Kulturelle und symbolische Praktiken: das Unternehmen Pierre Bourdieu" in W Hardtwig en H-U Wehler, **Kulturgeschichte Heute** (Vandenhoek en Ruprecht, Göttingen, 1996), p. 115.

32 **Ibid**.

33 **Ibid.**

34 Anheier, Gerhards en Romo, pp. 859-903.

## 6. HERINNERING EN RUIMTES VAN HERINNERING

In sy ondersoek na die begrip geskiedenis skep Walter Benjamin 'n betekenisvolle metafoor rondom die mens se gewaarwording van die geskiedenis. As simbool gebruik hy wat hy as die "Engel van die Geskiedenis" in 'n skildery van Paul Klee (1879-1940) met die titel *Angelus Novus* (1921) waarneem.



*Angelus Novus* van Paul Klee.[35]

Die engel se gesigsuitdrukking laat dit voorkom asof hy daartoe in staat is om voor hom uit te kyk, so asof hy weet wat op hom wag. Sy oë is oopgerek; mond is oop; en die vlerke is uitgespan. So, verklaar Benjamin, moet die Engel van die Geskiedenis lyk. Hy kyk die hele tyd in die verlede - waarvandaan hy kom. Maar, waar ons geneig sou wees om 'n ketting van gebeure voor ons uit te sien, is die engel van die geskiedenis besig om 'n enkele katastrofe, die opeenvolgende ruïnes van die verlede, voor hom te sien. Hy wil graag 'n rukkie verwyl, die dooies opwek en die verval weer eens probeer herstel, maar daar is 'n windstorm. Dit waai van die Paradys se kant en verplig hom om voortdurend, met oopgespande vlerke en sy rug na die toekoms, vorentoe te beweeg. Hulpeloos moet hy dan toekyk hoe die ruïnes voortdurend hoër neig. Dié windstorm, verklaar Benjamin, noem ons eintlik die vooruitgang.[36]

Te midde van die voortstuwende krag van die toekoms wat dit voortdurend op die hede afdwing, word die herinneringe aan die verlede in puin gelê. Dit is hierdie wete wat die mens as historiese wese verby die transendentale werklikheid laat

35 Kyk L Spencer, "Paul; Klee's painting *Angelus Novus*" by http://www.tasc.ac.uk/depart/media/staff/ls/WBenjamin/Angelus.html

36 W Benjamin, **Allegorien kultureller Erfahrung: Ausgewählte Schriften, 1920-1940** (Verlag Philipp Reclam jun., Leipzig, 1984), pp. 160-1.

beweeg om deur middel van mimetiese werklikheidsindrukke pogings aan te wend om die herinnering aan die verlede te restoureer of rekonstrueer. Ondanks 'n gevoel van futiliteit word daarmee volgehou, aangesien die mens van nature die versugting het om in ruimtes van herinnering *(lieux de mémoire)* te beweeg, wat in wese kenmerke van 'n vergange werklikheid vertoon.

In 'n belangrike opsig is Benjamin reg - dit is futiel om die windstorm van vooruitgang te probeer teëgaan. Terselfdertyd is dit egter ook strydig met die natuur van die mens. Daar bestaan by elkeen van ons herinneringe wat ons bewustelik en onbewustelik daartoe noop om die verlede, al is dit hoe onaangenaam, te vertroetel. Daarsonder sou die samehang van die ervarings wat die mens in kultuurverband in die hede deurmaak, nouliks enige betekenis vertoon. Om dié rede vind herdenkings plaas. Dit gee aan die mens in kultuurverband die geleentheid om, net soos die Engel van die Geskiedenis, momenteel die ruïnes van die verlede te besigtig.

Die ontsluiting van herinneringe gaan gepaard met twee elemente: tyd en ruimte. Wanneer die historiese inhoud van 'n vertelling daaraan gekoppel word, is daar sprake van historiese bewussyn wat in kontekste van dissiplinêre riglyne wetenskaplik op grond van bepaalde metodologiese riglyne geformuleer kan word.

Herinnering is egter merendeels ook die resultaat van verbeelding wanneer aanvaar word dat die mimese-effek ook op die menslike gees in die verlede inwerk. In die menslike kultuur het die ontwikkeling van skrif, opsigself die effek van mimese op menslike spraak, 'n bepalende invloed uitgeoefen. Hutton verklaar:

> "The uses of memory may have been transformed with the rise of literacy and the development of more complex and abstract forms of communication. In script, print and electronic media, our imaginations may find new forms of expression. But the significance of imagination for historical understanding is not eclipsed in the process...."[37]

Die verbeelding, wat in alle fasette van die oudio-visuele media van die dag die menslike sin vir realisme uitdaag deur die metaforiese advertensiepraktyke, stel opnuut uitdagings aan realistiese herinneringe omtrent die werklikheid. Die oënskynlike ontvlugting, weg van die werklikheid af, prikkel die menslike verbeelding. Die herinnering, of versugting na 'n denkbeeldige veld van herinnering, gee aanleiding tot kultureel-gedetermineerde verbruikspatrone. Hierdie 'herinneringe' is nie noodwendig in die verlede gesetel nie. Ook is dit nie soseer kultureel-geneties vasgelê nie. Veel eerder sal dit voorgeskryf word deur die besit van dinge in die konteks

37 PH Hutton, **History as an art of memory** (University of New England Press, Hanover, 1993), p. 165.

van die habitus-konsep. Onder omstandighede van fluktuerende gewaarwordinge omtrent geestelike en materiële voorstellings van die werklikheid, speel ruimte 'n belangrike stabiliserende rol. Die televisietoeskouer is steeds binne die ruimte van 'n voorkamer wat in die werklikheid gesetel is. Ook die teaterganger is by die aanskoue van 'n rolprent, steeds binne 'n geslote ruimte waarin 'n bepaalde mimetiese werklikheidskeppende gebeurtenis afspeel. Dit is die een versekering wat daar bestaan te midde van 'n verval en/of omvorming van herinneringe rondom die mens.

In die dissipline van geskiedenis is herinnering 'n noodsaaklike voorvereiste vir die formalisering van historiese bewussyn. Derhalwe word ruimtelikheid ook verken om die nie-sigbare katalisators wat aan die verlede gestalte gee, op 'n multidimensionele vlak te verken. Dit is dan verstaanbaar dat Matsuda kan verklaar dat die twintigste eeu gekenmerk is deur 'n toenemende bewuswording van historiese ruimte. Die geskiedenis van die individuele mens word dan die resultaat van bepaalde geografiese ruimtes wat 'n provokatiewe uitdaging stel aan ons indrukke omtrent die effek wat ruimte op denke uitoefen.[38] Die abstrahering van ruimte bring mee dat 'n andersoortige verhewenheid aan herinnering verleen word. Dit is dan moontlik om binne verskillende registers en aksente die verlede te verstaan. Matsuda verduidelik:

> "Where one belongs, and where one has rights - either juridically, or in territorial terms, where one has a place - are critical to both selfidentity and geopolitical sovereignty".[39]

Die proses van identiteit word daardeur aan ruimtelike herinnering gekoppel. Opsluit skep dit moontlikhede vir kollektiewe herinnering wat, hoewel dit nie vir almal dieselfde inhoude verteenwoordig nie, wel 'n bepaalde samehorigheid skep. In baie opsigte stem dit ooreen met die sosio-genetiese interpretasie van Mannheim waar gesoek word na die interaktiewe sleuteltoneel waarbinne interne (kollektiewe) sosialiseringsgeskiedenis en biografiese beskrywing gesetel is.[40]

Een manifestasie van ruimtelike herinnering word gevind in chorografiese beskrywing. Chorografie is deel van 'n tradisie waarvan ons aanduiding het in die werke van Romeinse skrywers soos Pomponius Mela in 43 nC. In dié beskrywingsvorm is daar byvoorbeeld so ver gegaan as om astrologiese kaarte en konstellasies in die hemele te karteer en dit dan subjektief in verband te bring met die definiëring van

38 M Matsuda, "A place for history" in **History and Theory** 43(2), Mei 2004, p. 260.
39 **Ibid.**, p. 266.
40 R Bohnsack, "Typenbildung, Generalisierung und komparative Analyse: Grundprinzipien der dokumentarische Methode", **Handlung Kultur Interpretation: Zeitschrift für Sozial and Kulturwissenschaften** 10(1), Mei 2001, p. 97.

ruimtes of streke wat oor 'n bepaalde "natuur" beskik.[41] Daar is ook tradisioneel van die standpunt uitgegaan dat chorografie, in teenstelling met geografie en topografie, wegskram van 'n beskrywing van die volledige aarde. Dit het eerder ten doel om natuurlike en historiese gebeure en feite van antikwariese belang in samehang met konstitusionele ontwikkeling, en die stigting van geestelike sentra, in verbinding met mekaar te bring.[42] Dit is 'n vorm van verindividualiserende regionalisme wat tradisioneel nouliks ten doel gehad het om groot verbande in ruimtelike konteks weer te gee.

Die ontsluiting van ruimtes bring dan mee dat die singewing daarvan grootliks vir die historiese herinneringe van plaaslike inwoners, en soms ook in groter kontekste, inhoud en betekenis kry. In laasgenoemde geval is dit in 'n groot mate 'n uitsondering op die reël. Daar kan met reg verklaar word dat 'n eksentrieke inhoud aan ruimtes in die verlede toegeken word. Op hul beurt is mense van verskillende oortuigings geneig om uiteenlopend op die herinneringe, soos opgesluit in plaaslike ruimtes, te reageer. Dit is dan ook interessant om kennis te neem dat met die verlies van mag bepaalde groeperinge van mense wat meen dat omdat vermeende skade gely is, hulle hulself kan wend tot die omskrywing van ruimtelike herinneringe soos dit voorheen was. Derhalwe kan chorografie aanleiding gee tot die bevordering van 'n etnisiteit wat politieke aspirasies insluit en sodoende 'n kohesie van ideale rondom mag skep.[43]

Matsuda verklaar dat chorografiese herinneringe langs dié weg daarin slaag om 'n metageskiedenis te word in die partikuliere herinnering soos dit gelokaliseer kan word in definisies wat tyd-ruimtelik uitgespel word. In werklikheid is daar dan sprake van ruimtes van herinnering.[44]

> "The ramifications of treating landscape as a function of the chorographic are immense. An emplaced, incarnate, and localized shape of landscape carries with it a politically challenging geography and cartography. Time becomes a form of place…."[45]

41 R Shields, "Geopolotical spatialisations: critical geopolitics and critical cultural studies", **Geopolitics** 8(1), Spring 2003, pp. 205-7.

42 R Mayhew, "Edmund Gibson's editions of *Britannia*: dynastic chorography and the particularist politics of precedent, 1695-1722", **Historical Research** 73(182), Oktober 2000, p. 240.

43 In hierdie verband kyk byvoorbeeld na Mayhew, pp. 238-61; J de Groot, "Chorographia, Newcastle and royalist identity in the late 1640's" in **Seventeenth Century** 18(1), Spring 2003, pp. 61-75.

44 Matsuda, p. 268.

45 **Ibid.**

Een voorbeeld daarvan, in die moderne geskiedskrywing is die werk van David Lowenthal wat die verlede enersyds as 'n "vreemde landskap" voorstel en andersyds daarop klem lê dat die verlede oral in herinneringe opgesluit is.[46] Ofskoon die ruïnes van die verlede in bepaalde ruimtes onthou word, is en bly dit egter op die lange duur die resultaat van 'n mimese-effek wat in enkele fragmente van materiële reste voorgehou word en as gelade simbole die toekoms ingedra word met die verstandhouding dat dit as verteenwoordigend voorgehou word.

Die ineenskakeling van ruimtes van herinnering by die habitus-konsep van Bourdieu, word treffend deur Lefebvre verantwoord wanneer hy historiese ruimte omskryf. Hy verklaar dat absolute ruimte, godsdienstig en polities in karakter, 'n produk is waarin die bodem en taal ineengesmelt het. Absolute ruimte het nie verdwyn nie, maar veel eerder het dit deel van 'n relatiewe verlede geword.[47] In die proses van tydsverloop het verandering plaasgevind wat bepaalde voorkomste aan byvoorbeeld die stad gegee het om eens en vir altyd die leegheid van 'n natuurlike ruimte te verdryf. Hy verklaar:

> "Then the forces of history smashed naturalness forever and upon its ruins established the space of accumulation of all wealth and resources: knowledge, technology, money, precious objects, works of art and symbols)."[48]

Uit hierdie omvattende milieu-skeppende realiteit is dit moontlik om die kleed van historiese herinnering binne 'n bepaalde ruimte van identiteit te voorsien. Dit kan in die individuele herinnering aan gister, of die kollektiewe herinnering van 'n vergange tyd, gekoppel word, so lank die besef bestaan dat bepaalde kragte daartoe meegewerk het om die natuur, ten koste van bepaalde menslike waardes, in die agtergrond te skuif.

Die herdenking van herinneringe uit die verlede is die wyse waarop menslike handelinge van 'n simboliese inhoud voorsien word. Daaruit word 'n nuwe verlede opnuut geskep. Dit pas aan by die modes van die dag en omvorm habitus in modus[49] en herinnering in gedenkgeleenthede wat voortdurend op die agtergrond geskuif word ten einde die toekomsverwagtinge deur middel van 'n verwagtings-teleologie opnuut op 'n ander manier, soos 'n kaleidoskoopvertoning, te verander.

46 **Ibid**. Kyk D Lowenthal, **The past is a foreign country** (Cambridge University Press, Cambridge, 1985).

47 H Lefebvre, **The production of space** (vertaal uit die Frans, **Production de l'espace** [1974 en 1984] deur D Nicholson-Smith, Blackwell, Oxford, 1991), p. 48.

48 **Ibid**., p. 49.

49 Vir 'n gepaste uiteensetting van mode kyk G Simmel, "Fashion", **The American Journal of Sociology** 62(6), Mei 1957, pp. 541-58 wat vir die eerste keer gepubliseer is in **International Quarterly** 10, Oktober 1904, pp. 130-55.

## 7. HERDENKING AS DIMENSIE VAN HERINNERING

Op Vrydag 13 Augustus 2004 is die 28ste Olimpiese somerspele op 'n luisterryke wyse in Athene geopen. Miljoene mense regoor die wêreld het saam met die moderne Griekse samelewing, vir die tweede keer sedert 1896, op 'n simboliese wyse die ontstaan en ontwikkeling van die Olimpiese Spele in 'n indrukwekkende vertoning gedeel. 'n Grootse kultuur van Europa het, as gevolg van die intrinsieke koppelings wat oor meer as 'n eeu opgebou is, daarin geslaag om by wyse van simboliese visualiseringseffekte en ook die onmiddellikheid van die tyd, tesame met die moreel-aanvaarbare beginsel van die Olimpiese gedagte, 'n grootse herdenking mee te maak van die herinneringe aan die verlede wat oor ruim 3000 jaar gestalte aangeneem het.[50] Indien die openingseremonie van 2004 se Olimpiese somerbyeenkoms as voorbeeld gebruik word, wil dit voorkom asof ons hier te make het met 'n volwaardige herdenking. Nie alleen was die herdenking daarop afgestem om 'n samelewing langs die weg van 'n bepaalde kultuuraktiwiteit (sport) saam te snoer nie; dit het ook mense regoor die wêreld verenig in 'n herdenkingsplegtigheid ter ere van die fisieke prestasies waartoe die mens in staat is.

Die Griekse kulturele nalatenskap is juis een van die grondslae wat Jan Assman gebruik in sy werk *Das kulturelle Gedächtnisses: Schrift, Erinnering und politische Identität in frühen Hochkulturen* (1992) om die verskynsel van herdenking van herinneringe in die kultuurgeskiedenis uit te spel. Sy doelwit was om binne die raamwerk van 'n nuwe paradigma die verskillende kulturele fenomene en velde - kuns, literatuur, politiek, samelewing, godsdiens en die regte - saam te snoer waarbinne kultuurwetenskap as dissipline kon floreer.[51] Deur die grondslae van klassieke kulture na te gaan, was dit vir hom moontlik om te wys op welke geïntegreerde wyse herinneringe later in herdenkings omgeskakel word.

Histories kan tyd gekoppel word aan bepaalde periodieke tendense, soos byvoorbeeld die Middeleeue, die Renaissance en die era van Moderniteit. Hierdie fases is in die meerderheid van gevalle buite die rigiede periodisering van tyd. Die herdenking van 'n era is dikwels moeilik, aangesien dit deel uitmaak van herinneringe van ooreenstemming en 'n bepaalde tendensmanifestasie wat selde aan 'n spesifieke gebeurtenis, ten aanvang, of ter afsluiting, gekoppel kan word. Wanneer herdenkings egter in samehang met ruimtes van herinnering gesien word, ontstaan

50 In Suid-Afrika is die openingsplegtigheid deur SABC-televisie, asook die betaalkanaal DSTV tussen 19:15 en 23:30 gebeeldsend. Vir 'n besondere woordelikse verslag oor die plegtigheid, kyk Anon., "Glittering opening for Olympics", op die webwerf van CNN, 14 Augustus 2004 by http://www.cnn.com/2004/SPORT/08/13/olympics/index.html.

51 H Böhme, P Matussek en L Müller, **Orientierung Kulturwissenschaft: was sie kann, was sie will** (tweede oplaag, Rohwolt Taschenbuch Verlag, Hamburg, [2000],2002), p. 147.

'n begrip vir die logiese samehang van tyd en ruimte in die interpretasie van die verlede.

Wanneer tyd binne bepaalde chronologiese eenhede verdeel word, is dit dikwels binne die raamwerk van 10e, 25s, 50s, 100e en 1000e - 'n metrieke indeling wat in dekades, eeue en millennia verdeel kan word. Dié verdeling van tyd skep ruimte vir metronomiese eenhede vir menslike begrip. Dit is asof ons te make het met die effek van ritme en reëlmaat in die lewe van 'n samelewing en 'n individu. Hierdie vorm van mimese voorsien dan 'n grondslag waarin opeenvolgende golwe van historisiteit herinneringe die toekoms inkaats. Die doel daarmee is om aan die verlede binne bepaalde ruimtes van menslike herinnering 'n aanvaarbare en vereenselwigende inhoud te gee. Die begrip van byvoorbeeld die numeriese tydsverloop van 'n dekade (10) het sy oorsprong in die Egiptiese tydsindeling van *dekan* wat gebruik is om die heliksetiese afwisseling tussen dag en nag aan die hand van die sterrehemel in eenhede van tien dae in te deel.[52] Ofskoon 'n eeu 'n bykans magiese herinneringsruimte in tyd voorstel, is dit nouliks moontlik vir die gewone mens om dit na behore te verstaan. Daar is ook 'n praktiese verklaring daarvoor. Een eeu, verklaar Koselleck, is 'n kunsmatige tydsruimte omdat dit merendeels buite die begripsvermoë van die mens val.[53] Om dié rede is dit dan van 'n andersoortige simboliese inhoud as dié van 'n korter en meer onlangse tydseenheid in die herinneringswêreld van die mens.

In onlangse jare het, wat Wehler noem, die "herinneringsgemeenskap" (dit wil sê historici, museumkundiges en kultuurwerkers) in Frankryk gepoog om 'n samelewing saam te snoer in die ontwikkeling van 'n historiese bewussyn wat van waarde vir hul begrip van die twintigste eeuse Franse identiteit moet wees.[54] 'n Voëlvlug van die herinneringe wat verband hou met 'n betekenisvolle tydvak in die geskiedenis van Wes-Europa, is enersyds traumaties, maar andersyds ook opbeurend. Vir 'n buitestaander, soos Wehler, is die geskiedenis van Frankryk 'n verlede wat bykans emosieloos verdiskonteer kan word. Nieteenstaande die pynlike historiese bewyse van gebeure wat die verhaal vertel van die wyse waarop die basiese regte van die mens skreiend misken is, kan die blik op hierdie ruimtelik-verwyderde verlede makliker in 'n sintese van 'n era gekontekstualiseer word. Dit is juis met die doelwit om identiteit te bepaal dat herinnering en herdenking 'n noodsaaklike lewensaar van 'n samelewing word.

52 GJ Whitrow, **Time in history: views of time from prehistory to the present** (Oxford University Press, Oxford, 1989), p. 28.

53 R Koselleck, "De Transformation der politischen Totenmale im 20. Jahrhundert" in M Sabrow, R Jessen en K Grosse Kracht (reds.), **Zeitgeist als Streitgeschichte: Grosse Kontroversen seit 1945** (Verlag CH Beck, München, 2003), p. 208.

54 H-U Wehler, **Konflikte zu Beginn des 21. Jahrhunderts: Essays** (CH Beck Verlag, München, 2003), pp. 188-93.

Indien ruimtes van die verlede 'n meer plaaslike inhoud kry, vind verpersoonliking plaas waarin 'n verinnerlikte herinnering van dit wat verbygegaan het in tyd, met 'n waardering vir ruimtelike betekenis gevul word. Nostalgie is een respons. In ander gevalle sal die herinnering aan plaaslike historiese ruimte tot afkeer aanleiding gee. Die oënskynlike uiteenlopendheid van emosies wat manifesteer, is noodsaaklik aangesien dit in die vorm van 'n weegskaal die samelewing daarop bedag maak in welke mate die herinnering aan die verlede relevant en van waarde mag wees. Dit bepaal die aard en wese van herdenkings en ook word aksent op "relevansie" in die verlede geplaas. By implikasie word daardeur gepoog om letterlik namens 'n gemeenskap (in die kleine) of 'n samelewing (in metaverband) 'n begrip en waardering vir populêre gewaarwordinge omtrent herinneringe te skep. Sodoende word sin aan die verlede gegee. Ofskoon die herinneringe aan die verlede ver in die tyd verwyder kan wees, is die ruimte merendeels in die onmiddellike omgewing aanwesig.

Om herinneringe te ontsluit met die doel om die verlede te herdenk, kan vier bepaalde kognitiewe kategorieë geïdentifiseer word. Eerstens kan daar 'n ideologiese kognisie gesoek word wat ten doel het om 'n bepaalde vergesig op die toekoms in die menslike gees tuis te bring. Dit is dan wanneer die "Vyf P's", professore, predikante, politici, publisiste en PR-spesialiste[55] uitgebasuin word.[56] Tweedens kan die herdenking van die verlede deel van 'n argaïese kognisieproses wees waarin beuselagtighede gebruik word om in 'n groter samehang 'n kleurvolle veelvuldigheid van die verlede voor te hou. Dit is nie noodwendig altyd met betekenisse gelaai nie, maar kan bloot as 'n groepering van interessante wetenswaardighede die toekoms in gekaats word. Derdens kan herdenkings plaasvind met die doel om kritiese kognisie te bevorder oor dit wat gebeur het. Laastens, herdenkings van die verlede vind egter selde bloot in kontekste van meta-argaïese of kritiese kognisie plaas. Daar is veel eerder sprake van geïntegreerde kognitiewe gewaarwordinge. Daardeur word dit moontlik om uiteenlopende perspektiewe op die verlede saam te snoer wat by die voltrekking van 'n herdenkingsgeleentheid 'n mate van kohesie skep.

## 8. TEN SLOTTE

In 'n homogene samelewing is die herdenking van die verlede 'n betreklik onge-kompliseerde geleentheid vir historiese oorpeinsing. Hoe meer generies die historiese ruimte en hoe verder verwyder in die tyd dit mag wees, hoe makliker gaan dit om 'n omvattende inhoud daaraan te verleen. Binne multikulturele gemeenskappe is die proses van aanvaarding vir herdenkingsgeleenthede egter

55 Skakelmense.
56 Koselleck, p. 206.

meer kompleks. Belanghebbendes en kritici is dan daarop bedag dat die inhoude bevraagteken kan word. Dit gaan in wese om die daarstelling van projeksies van die verlede in 'n aanvaarbare gewaad. Dit beteken ook dat die teenswoordige tyd waarin die herinneringe emosioneel nog naby aan die oppervlakte lê, gefundeerde historiese oordeel kan vertroebel. Gegewe die feit dat daar, soos hierbo uiteengesit, 'n omvangryke begrip bestaan vir 'n waardering van ruimtes van herinnering en die projeksie van tyd wat in die hede en toekoms gemaak kan word, is die vraag of dit juis die historikus beskore is om ruimtes van herdenking te ontsluit. Daar kan wel rigtinggewende advies gegee word, maar 'n intense betrokkenheid kan dikwels verdag wees. Die erkenning van 'n herdenkingsgeleentheid behoort dan op 'n onbevange wyse, of ten minste intersubjektief, plaas te vind.

Herdenkings is en bly momentele herinneringe wat opsigself 'n bepaalde historiese inhoud verkry wanneer dit met skouspel en omvangryke publisiteit gepaard gaan. Dit kan ook in 'n gewoonte verval waardeur die voortsetting van 'n bepaalde tradisie van herinnering later sy simboliese inhoud verloor. Die moderne viering - in plaas van herdenking - van Kersfees en Nuwejaar is net enkele voorbeelde van sulke herdenkings. Die gebeurlikheid van die verlede wat gedenk word, is dan die geleentheid om tyd op so 'n wyse te benut dat dit tot die voordeel van die self strek. Die gemeenskap of samelewing wat na regte daarby baat moet vind, kan maklik die slagoffer van emosionele eksploitering word.

In historiese konteks kan herdenkings niks minder en niks meer wees nie as die verpersoonlikte herinnering aan 'n bepaalde aspek van die verlede wat van waarde is vir diegene wat 'n herinneringsverbintenis met die tyd-ruimtelike manifestasie daarvan in die hede het.

Hegel, 'n selferkende vyand van 'n oppervlakkige *ars memoria,* het aan die begin van die negentiende eeu herdenkings gesien as die begraafplaas van die werklikheid.[57] Freud het aan die begin van die twintigste eeu die noodsaak daarvan ingesien om te kan vergeet. Vir hom het herinnering as herdenking net sin gemaak wanneer dit onthou, herhaal en (innerlik) deurwerk word.[58] Aan die begin van die een-en-twintigste eeu wil dit voorkom asof herdenking geregverdig kan word wanneer die menslike samelewing (buite die blote bestek van 'n geslote ruimtelike afbakening) in al sy geledinge die waarde daarvan kan insien om die herinneringe aan die prestasies van die menslike gees te laat manifesteer. Dit beteken dat 'n betekenisvolle inhoud daaraan gegee word sodat die herdenking as 'n werklikheidsvoorstelling van waarde is om die toekoms in te dra.

57 Böhme et al., p. 159.
58 **Ibid**., p. 160.